NG GEMEENTE
GORDONSBAAI

Emmers van HOOP 2019

Liewe Lidmate

Deur u ondersteuning elke jaar, is dit vir ons 'n dankbaarheid om aan te kondig dat hierdie jaar reeds die *13de Jaar* van *Emmers van Hoop* is.

U maak op 'n tasbare manier 'n verskil aan hulpbehoewende mense en instansies se omstandighede met u skenking.

Uiteengesit is die begunstigdes en alhoewel u steeds die keuse het vir wie u 'n emmer/inkopiesak skenk, gaan ons ook by die bepaalde dienste voorstelle deurgee vir die eweredige verdeling.

Die benodigdhede lys is slegs voorstelle, u kan steeds gee wat u kan bekostig of graag sou wou gee.

U gevulde emmer kartonskoenboks, inkopiesak of kos artikels wat geplaas word in mandjie vanaf 20 Mei 2019 tot 14 Junie 2019 by die kerk voorportaal of lofsentrum.

Oorhandiging van die Emmers sal plaasvind by die Kerk (Kusweg) en Lofsentrum tydens die 2 eredienste op 16 Junie 2019 en 7 Julie 2019 by Summervale.

Waar daar 'hoop' is,

Is 'Geloof',

Waar 'Geloof' is,

BADISA Strand

Badisa is die NG kerk se welsynsorganisasie wat dienste lewer in Rusthof, Gustrow en Casablanca area. Hulle lewer statutêre dienste en moet dan ook die nood verlig van behoeftige gesinne/kinders. Hulle bedienings area vorm dan ook groot deel van ons Sop kombuise waar ons gemeente reeds diens lewer vanuit ons Diens van Barmhartighed. Die VGK Diens van Barmarhatigheid is ook deel van daardie area.

Benodigdhede :

- Rys/ Pastas
- Kookolie/koekmeel
- Blikkieskos, grondboontjiebotter en kontfyt
- Tee/Koffie/Suiker /poeiermelk
- Oats /Mieliemeel
- Gedroogde produkte soos Soja/Lensies/Gesplete ertjies / soppoeier /Blokkies vleisekstrak
- Toiletware soos Anti-perspirant,sjampoe,tandepasta,seep
- Baba produkte/pap en melk

Moompie - Gordonsbaai Primêre Skool

Die Moompie projek het ten doel om die fisiese en emosionele welsyn van die kinders te bevorder by Gordonsbaai Laerskool. Daar is tans ongeveer 16 kinders betrokke. Die Projek word “beman’ deur vrywillige “Moompie Mammas” .

Dit is dan ook deur hierdie betrokkenheid van die Moompie mammas waar die skool bewus word van kinders wat honger skool toe kom en met ander behoeftes. ‘n “Ontbythoekie” word vanuiit die skoolsaal se kombuis bedryf.

Benodigdhede:

- Weetbix, Hawermout en Mieliepap
- Suiker, sout en langlewe boksies melk
- Toiletware soos tandepaste, seep, sjampoe en aanrol/spuit anti-perspirant

Somerset Wes Nagskuiling

Hierdie organisasie, is ons naaste hulpbron om verblyf te bied op'n holistiese wyse en diens te lewer aan hawelose mense in die Helderbergkom. Hulle is geregistreer om 48 mans en 12 dames te huisves.

Haweloses het die voorreg van was, slaap en eetgeriewe slegs vir tydperk van 3 maande totdat hulle moet aanbeweeg. Daar is ook 'n maatskaplike werker vir bostaande intervensie beskikbaar .

Benodigdhede :

- Handdoeke (oud/nuut)
- Toiletware soos seep, waslappe, tandepasta, tandeborsels, sjampoe en toiletpapier
- Waspoeier vir hand- en masjien was
- Skoonmaakmiddels
- Koorde/lyfbelde

ACVV Strand

Dit is die statutêre welsynsorganisasie wat maatskaplike dienste in Gordonsbaai lewer. Hul bedieningsveld is wyd uitgebreid en gevalle vanaf dié Gemeente word ook na hulle verwys. Met befondsing en donasies wat drasties afneem en stygende versoeke om voedselhulp, moet hul dikwels behoeftiges (mense/gesinne) wegwys.

Benodigdhede :

- Rys/ Pastas
- Kookolie/koekmeel
- Blikkieskos, grondboontjiebotter en kontfyt
- Tee/Koffie/Suiker /poeiermelk
- Oats /Mieliemeel
- Gedroogde produkte soos Soja/Lensies/Gesplete ertjies / soppoeier /Blokkies vleisekstrak
- Toiletware soos Anti-perspirant,sjampoe,tandepasta,seep
- Baba produkte/pap en melk

El Shaddai Nasorg

El Shaddai is ‘n nasorg projek wat in 2018 begin is vir kinders van huisgesinne wat ‘n veilige ruimte na skool nodig het en nie altyd fondse het om daarvoor te betaal nie. Tans is daar 23 kinders by El shaddai wat elke middag iets ontvang om te eet (kinders kan nie op ‘n leë maag leer nie), daarna ontvang hulle huiswerk hulp van vrywiliigers (Kinders se punte het verbeter net omdat iemand seker maak hulle huiswerk word gedoen) en daar word aandag aan geestelike en maatskaplike behoeftes ook gegee (Kinders is meer as ‘n maag en brein). Omdat daar geen fooie vir die nasorg is nie, is El Shaddai totaal en al afhanklik van die liefde, omgee, donasies en tyd van vrywilligers wat sorg dat daar toesig is, kos is, hulp is en baie liefde.

Benodigdhede :

- Pasta/Rys
- Blikkies Tamatie/uie smoor en gemengde groente
- Aanmaak koeldrank
- Margarien, Grondboontjiebotter
- Suiker/koffie
- Longlife melk
- Maynonaise,tamatiesous, chutney
- Toiletware soos, anti-perspirant aanrol vir seuns en meisies
- Skryfbehoeftes

Spreuke 31:20

“Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige”

U VOLGEHOUE ONDERSTEUNING, WORD OPREG WAARDEER!

DANKIE